



Kompass

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 13 / no. 9
September 2004

KIND EN KONINKRYK

Die nuwe Kinderwet is byna gereed om deur die parlement gevoer te word. Openbare sittings oor hierdie wetgewing word gedurende Augustus 2004 in Kaapstad gehou. Die sittings is die laaste proses van afronding van 'n nuwe wetsontwerp voordat dit na die parlement gaan vir goedkeuring. Talle individue en organisasies landwyd wag in spanning dat die wet gefinaliseer word. Hierdie wet verander die sosiale posisie van kinders ingrypend. Die wet wil o.a. die ouderdom van meerderjarigheid vervoeg van 21 tot 18 jaar. Kinders verkry 'n groot inspraak in sake wat hulle raak soos onderwys, naskoolse opleiding en ook aangeleenthede wat hulle raak met die egskeiding van hul ouers.

Wat duidelik ter sprake kom in hierdie wetgewing, is die kind in sy verhouding tot die ouers. Hierdie verhouding is so fundamenteel in die sig wat die Skrif ons gee op wie die kind is. Oor die kind word nie so duister veel gepraat in die Skrif nie. Wanneer 'n mens die aantal verwysings na die kind in die Skrif gaan tel, sou 'n mens selfs tot die gevolgtrekking kon kom dat die Bybel 'n boek vir volwassenes is.

Ons moet egter ook nie die Bybel gaan lees asof die bedoeling van die openbaring van God is om elke moontlike afsonderlike "groepering" in die mensdom in sy eie besonderheid aan te spreek nie. Kinderbybels gaan dan ook 'n heel verkeerde rigting inslaan, wanneer dit 'n versameling word van vertellings oor skrifgedeeltes wat oor kinderfigure in die Bybel handel. Dit sou ingaan teen die eie aard van die Bybel. Die Bybel wil geen afsonderlike aandag gee aan die etiek of geloof van "die kind" nie. Elke mens word vanuit die Bybel aangespreek oor God wat in sy groot werke mense (jonk en oud!) in genade saamneem. Die kind word geplaas binne God se groot skepping.

Die kind word aangespreek vanuit God se reg op eer en aanbidding wat elke mens Hom verskuldig is. Kinders kan net soos ander, deel in die genade van God. Trouens, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kind as genade-geskenk ontvang nie, sal daar nie ingaan nie. Geen aparte verlossingspad vir kinders nie. Kinders saam met ander kan weer toegang kry uit God se vrye genade tot sy koninkryk. Die kind word ook hier geen norm vir ander as toelatingsvereiste tot die koninkryk van God nie. Ons hoef nie soos kinders te word nie. Laat egter niemand dink dat hulle die koninkryk van God op 'n ander manier kan ontvang as wat klein magtelose suigeling dit van die Here ontvang nie. Kinders is afhanklik van Christus wat hulle in sy arms neem, hulle die hande oplê en seën (Mark. 10).

Uit die mond van kinders en suigeling het die Here vir Hom lof gereed-gemaak (Ps. 8:3). Só kan kinders naas ander mense geplaas word, wat geroep word om die lof van die Here te sing. Geroep om te heers oor die werke van die Here se hande. Nie om 'n loflied oor die mens te sing nie. Maar om 'n loflied tot die Here te sing: "O Here, ons Here, hoe heerlik is U Naam op die hele aarde!"; ook oor kinders wat die Here se lof besing.

In Hierdie Uitgawe



Tema: Die Kind

- Gepas gekleed 2
- Kind en kategese 4
- Ontwikkeling: bou 'n positiewe selfbeeld 9
- Kind en seksualiteit 11
- Onderhoud met Dr JW Meijer 13
- Onderhoud met Prof. Dr. G Kwakkel 16
- "A Child's Faith" 17
- Liturgie (II) 19
- VGKSA 20

GEPAS GEKLEED

TEMA: DIE KIND

Kleredrag is 'n gevoelige kwessie. Waar in die verlede 'n sekere standaard van kleding vir openbare geleenthede verag kon word, het dit nou verander in 'n 'anything goes' gees. Moet daar gevra word vir 'n 'kleredragkode' wat geld vir openbare geleenthede? Ander reken egter dat daar nie vir alles vaste reëls hoef te wees nie. Verskillende benaderings, insigte? Hoe dit ook al mag wees: ons sal dit hier op die lappe bring.

Deesdae sien 'n mens dikwels – veral op warm dae – meisies met uitdagende, suggestiewe kleredrag: sg. “oopmaag-hempies”, laehals T-hempies, en baie kort rompies. Dit wil nie se dat die seuns altyd so waffers lyk nie, maar die klere drag van meisies is meer suggererend. Die samelewing wil amper

vir ons dikteer hoe ons gekleed moet gaan. Bemarkers het agtergekom die jong mens vandag het nogal geld, geld wat hulle gewilliglik uitgee om klere te koop wat 'in' is en wat deur die groep aanvaar word. Ongelukkig het die pronk van jou seksualiteit die grondslag gevorm vir die ontwerp van baie meisies/dames klere. Gelukkig is daar genoeg meisies wat nog steeds smaakvol aangetrek is, smaakvol sonder om ouderwets te wees en wat met plesier na gekyk kan word.

Maar laat ons 'n voorbeeld gee: gestel 'n meisie dra 'n oop-maag hempie. Sy moet haar tas van die grond af optel en, om die band lekker oor haar skouer te kry maak sy 'n behoorlike swaibeweging. In die proses wys sy meer as bloot net haar magie, nou het die omstanders baie meer te sien gekry.

Wat sal die seuns/mans hier omtrent doen? Wat moet hy se? Dit is vir hom 'n probleem. Hy voel dat dit nie so hoort nie, maar as hy 'n opmerking daarvoor sou maak, watter reaksie sal hy kry? Bowendien, as hy verkeerd reageer, word hy dalk ook nog verdink van seksuele intimidasie, met al die gevolge wat daarmee saamgaan.

Laat ons wat dit betref duidelik wees: dit is doodeenvoudig waar dat sekere kleredrag seksuele begeertes kan opwek. Dit is dus te verstane dat in sommige gevalle ingegryp en gesê word: so hoort dit nie. Die veiligheid is in gedrang.

OORSAAK

Dis nie so moeilik om die oorsaak hiervan te vind nie. Hierdie klere is in die mode en dis duidelik dat

baie meisies dink dis mooi. Die vraag kan gestel word op watter manier smaak tot stand kom. Aan die een kant is dit persoonlik, jy hou van iets of nie. Maar aan die ander kant het die maatskappy ook 'n sterk invloed. Die advertensiewêreld vertoon voortdurend skrapsgeklede vroue om 'n produk aan te beveel. Die musiekwêreld maak gebruik van videobeelde wat weinig verdoesel. Ons en ons kinders word dikwels blootgestel aan verleidelike beelde. 'n Besinning oor die gebruik van hierdie media kry in die opvoeding te min aandag.

TE HEILIG?

Toe dit kom by die bespreking van naakstrande en 'n Christelike parlamentslid beswaar gemaak het, kry hy die wind van voor. “Hoekom nie, is jy te heilig hiervoor?” Waarop hy antwoord met: “Nee, te sondig”. Dit kan ook op die bespreking rondom die kleredrag van toepassing wees. Is seuns, mans, onderwysers, dosente, predikante te heilig? Nee, maar wel te sondig.

WAAROM DRA ONS KLERE?

Die antwoord op hierdie vraag vind ons onder andere in Genesis 3. Ná die sondeval het die oë van die mens en sy vrou oopgegaan (vers 7); hulle het ontdek dat hulle naak is. So kan hulle mekaar nie onder die oë kom nie en hulle maak rompe van vyeblare. Die naaktheid het nou skaamte teweeggebring en het om bedekking gevra. Dit is die heel eerste reaksie van die mens op die sondeval! Wat maak die Here God daarmee? Hy vervang die tydelike vyeblare (wat verdor) met duurzame kleding: kleredrag van velle (vers 21).

Ons ontvang klere van die Here om ons naaktheid te bedek. Klere bied beskerming teen die klimaat, maar ook teen begerige oë. Die Nuwe Testament is ook duidelik hieroor. Dink byvoorbeeld aan 1 Korintiërs 6:12-20. Ons liggaam is 'n tempel van die Heilige Gees en ons word opgeroep om God met ons liggaam te verheerlik. Behoorlike kleding is ook 'n sieraad (1 Timótheüs 2:9). Dat kleredrag ook bydra tot dit wat die mens uitstraal, is duidelik.

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
A Bron (sekretaris)
Tel. (012) 332-0943

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: ds E Viljoen
(eindredakteur)
Mev. M de Vries
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
ds J van der Linden

Redaksie: Mev. G van den Berg
Bloukeurstr 17
Blommendal
Bellville 7530
Tel. (021) 919-9732

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Administrasie: Mev. ICW Buenk
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 331-3750

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):
E-pos: RSA R40
Buiteland •10
RSA: R80 (per hand)
R90 (per pos)
Buiteland: Seepos •30
Lugpos •40

Josef het selfs 'n deftige lang rok gekry (Genesis 37). Jy mag gerus mooi lyk. Feesklere dra by tot die feesvreugde.

Kleredrag het ook 'n funksie by die aanduiding van 'n beroep. In sommige beroepe is 'n netjiese pak klere 'n vereiste, in ander (soos bv. in die polisie of in die verpleging) 'n uniform. Dit is herkenbare voorbeelde, maar 'n mens kry die indruk dat die kleredrag die laaste tien jaar eerder sterk bepaal word deur die – persoonlike – gevoel. Ook ons is hierin kinders van ons tyd. Die gewoonte om op Sondae feestelike klere aan te trek sien 'n mens in baie gevalle nie meer nie. Klere wat jy in jou vrye tyd dra, kan tog ook op Sondae gedra word? Die erediens hang tog nie af van jou klere nie? Die tye verander en Christene verander daarmee saam.

VERWARREND

Dis opvallend dat juis in die kerklike openbare vergaderings daar gedink word aan 'n kleredragkode. Het hulle die probleem geïdentifiseer? U, ouer, sien tog hoe u dogter die huis verlaat as sy gaan kuier by vriende, winkels toegaan, jeugvereniging bywoon of katkisasie en kerk toegaan? Wat se u daarvan? Raak ons te wetties? Laat u as ouers u dogter toe om met uitdagende kleredrag uit haar slaapkamer te verskyn? Praat u by die huis oor kleredrag? Of mag u dogter self besluit hoe en waarvoor haar kleedgeld spandeer word? Wat dink u van 'n kleredragkode vir kerk en gesin? Wat sou daarin vervat moet word?

Die mode verander gedurig. Ons praat nou oor "oopmaag-hempies" en môre dalk oor deurskynende klere; oormôre skryf die mode weer iets anders voor. Uit gesprekke met jongmense het dit opgeval dat dit vir baie van hulle ook moeilik is om 'n goeie keuse te maak. Jy wil tog ook graag aantreklik en oulik lyk.

REAKSIE

Die skrywer van hierdie artikels het aan sy lesers gevra om te reageer ten opsigte van hierdie kwessie. Die meerderheid reaksies was positief. Hier volg 'n paar uittreksels:

- Dit is jammer dat ons deesdae oor verskeie sake – waaronder kleredrag – so verskillend dink.
- 'n Kategeet het genoem dat hy in hul plaaslike kerkblaadjie uitdruklik aandag gegee het aan die kleredrag van die vroulike katkisanter.
- "Lei my nie in versoeking nie", dis wat hy in die somermaande bid voordat hy die preekstoel opgaan, meld 'n predikant.
- Nog 'n leser meld: Die kleredrag van veral die jongmense in ons kerk hinder my soms. Ook in ons kleredrag mag ons laat sien dat ons Christene is. As jy 'n kind van die HERE is, moet jy dit ook wys in jou kleredrag.
- Iemand anders het geskryf dat hy as 'n buitestaander in die kerk was en dat hy aanstoot geneem het aan die minirompies, oop rûe, sigbare onderklere, stywe broeke, ens.
- Ten slotte is genoem: In die kleinste sosiale eenhede, dus die gesinne, gaan dit verkeerd met die moraal, en dis nie moontlik om daar matriëls te tref nie. Dus moet dit gedoen word in die katkisasieklasse, jeugverenigings, ens. omdat daar gesaghebbende leiding is.

BEWAAR JOUSELF

Ons kry klere om ons naaktheid te bedek. Dit is die gevolg van die sondeval. Tans lewe ons in 'n wêreld wat juis die sonde uitbuit en verheerlik. Met alle gevolge wat daarmee saamgaan. Ons as Christene moet daarteen stry. Seuns en meisies, dink goed na oor julle kleredrag. Julle kies verseker julle klere bewus en sorgvuldig uit. Maar hoe kies julle? Wie is jy? Hoe wil jy dit deur jou kleredrag wys? Waarom so 'n kort rompie, sigbare onderklere of stywe broek? Wat wil jy daarmee bereik? Hoe wil jy hê dat 'n ander jou sien en wil jy regtig so bekyk word? Jou klere laat sien wie jy is. Jy behoort aan God. Hy bepaal jou identiteit. Hy wil jou Bewaarder wees, maar Hy roep jou ook op om jouself te bewaar (1 Petrus 1:16). Bewaar jouself as kind van God deur jouself ordentlik te klee. Dit is nie outyds nie! Jy is deur God geskape en jy



is uniek. Jy het jou eie smaak en styl; sorg dus ook vir 'n goeie keuse t.o.v. jou kleredrag. Julle is in baie opsigte krities en dis goed so. Doen dit ook t.o.v. julle kleredrag.

BEWAAR MEKAAR

'n Meisie sê: "Ek is 15 jaar oud en ek wil graag net so lyk en net so aantrek as al my vriendinne. Verstaan u dit?" Natuurlik sal 'n mens dit verstaan. In die puberteitsjare is minderwaardigheidsgevoelens soms baie sterk aanwesig. Groepsdruk is dan baie groot. Jy wil nie anders wees nie. Jy het reeds genoeg probleme en sien nie kans vir nog nie. Veral nie as dit gaan om kleredrag nie. Ouers is in hierdie opsig soms baie toegewyk. Eintlik hou ons ook nie daarvan nie, meen hulle, maar ons dogter kry reeds so swaar...

Jongmense is soms baie hard teenoor mekaar en 'n mens het baie moed nodig om daarteen in te gaan. Hoe hartseer is dit nie dat hierdie hardheid ook in die kerk, in die gemeente van Christus, voorkom. Ons moet mekaar, as kinders van een Vader, vir hierdie kwaad bewaar. Ons moet eerder help deur mekaar volledig te aanvaar. As Christene moet ons mekaar bewaar vir seksuele verleiding. Heelwat subtiele lis skuil agter die ontwerp van klere. Links en regs word seksuele begeertes opgewek. Bewaar veral die jong mans vir verkeerde gedagtes. Jou liggaam is immers te kosbaar! Verheerlik God met jou liggaam (1 Korintiërs 6:20); daarby hoort gepaste kleredrag. Jy mag jouself klee soos dit pas by jou identiteit; dit is vir Christene 'n uitdaging. Jy mag aan almal laat sien dat gepaste, kuise

kleredrag nie vervelig is nie; en stimuleer mekaar deur goeie, gepaste klere te dra. Ek stem saam dat daar in die skole, katkisasieklasse en jeugverenigings duidelike reëls t.o.v. kleredrag moet wees. Is 'n kode daarvoor nodig? Moontlik, maar vandag se kode kan môre al weer verouderd wees. Ons vind 'n duidelike reël in Sondag 41, vr. en antw. 109: *Daarom verbied Hy alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en alles wat 'n mens daartoe kan verlei.* Laat ons mekaar daarop aanspreek en mekaar daarop aandrang.

BEWAAR JOU KIND

Ouers, julle moet oog hê vir die vrae van julle opgroeiende kinders. Laat hulle nie alleen aansukkel met die moeilike keuse t.o.v. hul kleredrag nie. Deur voldoende geld te gee sodat hulle self hul klere kan koop, is u nie vry van u verantwoordelikheid as opvoeder nie. Wees krities t.o.v. u eie kleredrag sowel as dié van u dogters. Hulle het u nodig! Help hulle as hulle moet kies. Natuurlik hoef hulle nie u smaak en styl oor te neem nie.



Gee hulle verantwoordelikheid, maar een wat pas by hul ouderdom. Sê eerlik aan hulle wat jy dink van die klere wat hulle gekoop het en die boodskap wat dit oordra. Dit kan soms gebeur dat dit nodig is om die kledingstuk om te ruil omdat dit nie pas by 'n Christelike lewenstyl nie.

PASSEND...

Goeie klere is passende klere. Dit beklemtoon jou Christelike identiteit. Klere maak die vrou en beskerm die man. Dink na oor waarnatoe jy gaan en sorg dat jou klere daarby pas. Die kollege is nie die strand nie en die kerk is

geen kampeerplek nie, dus trek jy jouself anders aan as jy soontoe gaan. Ook op warm dae behoort ons passend gekleed te wees. Dit is werklikwaar beskikbaar as bv. katkisasie huis toe gestuur sal moet word met die boodskap: gaan trek eers ordentlike klere aan. Dan staan die wêreld van die opvoeding op sy kop. Maar as dit nodig is, moet dit gedoen word! Dit is paslik om saam mekaar aan te spreek (tuis, in die kerk, by die Bybelstudie of waar ook al) op o.a. ons kleredrag. Laat ons daarin ook konsekwent wees.

KLERE

Om as Christen en jongmens goed gekleed te wees, is 'n stryd. Laat ons mekaar in hierdie stryd ondersteun: jonk en oud. Dit is 'n stryd met 'n heerlike einde: ons is mos op pad na die bruilof van die Lam. En bruiolfgaste is goed gekleed en blymoedig op pad.

Vrye vertaling van 2 artikels ("Gekleed en wel") deur JH Bollemaat uit: "Gereformeerde Kerkblad", jaargang 57(6+8), 20 Maart en 17 April 2004.

KIND EN KATEGESE

AC Breen

TEMA: DIE KIND

'n Man het besluit om van Los Angeles na Hawaii te swem. Hy het die beste swemafripter gehuur en geoefen saam met Olimpiese medaljewenners. Hy het deeglik voorberei. Uiteindelik het die groot dag aangebreek. Hy het in die oseaan ingedui en begin swem. Vyf ... tien ... twintig ... myl het hy geswem. Nou het die water gevaarlik begin lyk, die golwe was groot en die water koud.

Hy het begin besef dat hy nooit tot by Hawaii kon swem nie; dit was net te ver. Hy het aan 'n alternatief probeer dink, maar daar was niks. En toe, terwyl hy na asem gesnak het en gereed was om onder te gaan, het 'n motorboot langs hom verskyn. Met sy laaste bietjie energie het hy uitgeroep: "Red my!"

Asseblief, red my!" Die eienaar van die motorboot het na hom afgekyk en gesê: "Vriend, jy is in die moeilikheid. Wat jy nodig het, is 'n waterbestande uitgawe van my boek wat handel oor swem na Hawaii. Dit sal jou alles vertel wat jy nodig het. Hier, vang dit!" En dan, weg is hy in sy motorboot na Hawaii. Natuurlik benodig ons swemmer meer as 'n boek.

Gestel nou die booteienaar het gesê: "Vriend, jy is in die moeilikheid. Laat ek vir jou wys hoe om te swem." En hy spring in die water en sê: "Volg nou net my voorbeeld", en na sy demonstrasie, spring hy terug in sy motorboot en jaag weg na Hawaii. Ons swemmer het meer nodig gehad as 'n demonstrasie, 'n voorbeeld!

Mnr AC Breen is in Nederland gebore en het Nederlands taal en Godsdiensoonderrig gegee in verskillende hoërskole van die Gereformeerde Kerken (vrygemaak) vanaf 1976 tot 2000. Daarna het hy hom in Australië gevestig saam met sy vrou en vier kinders, in 'n ondersteunende rol vir gereformeerde onderwys aan die John Calvin School in Wes-Australië. Hy is direkteur van die geakkrediteerde Reformed Education Diploma Course en hoof van die Onderwys in Praktyk vir gereformeerde studente by Notre Dame Universiteit, Fremantle. Lesers van *Woord en School* en *Nader Bekeken* sal sy bydrae gesien het en verder het hy vier boeke geskryf; *Teaching in Love*, *Teaching in all Wisdom*, *Teaching for Life* en *Salt and Light*.

Laat ons weer probeer. Die boot-eienaar leun oor na die drenkeling en sê: "Vriend, jy is in die moeilikheid, jy verdrink! Kom, laat ek jou red." Met hierdie woorde leun hy oor, gryp die man in nood en neem hom aan boord. Hy maak hom gemaklik en gee hom iets om te eet en te drink. Na 'n tydjie sê die eienaar vir die swemmer: "Ek het jou nou van 'n gewisse dood gered en goed vir jou gesorg. Ons is nog net 'n paar honderd myl van Hawaii af en ek dink dit is tyd dat jy nou self iets doen. Dus, luiaard, klim terug in die water en swem!" Nou is ons vriend weer terug waar hy was. Hy het meer nodig gehad as 'n bietjie hulp en 'n tydelike opkikking in swaar tye.

Ons sal dit nog een kans gee. Hy roep om hulp met sy laaste asem. Die motorboot kom tot sy hulp en die eienaar leun oor die kant en sê: "Vriend, jy is in die moeilikheid, erger nog, jy verdrink! Kom, ek help jou." Hy reik uit na die drenkeling en laai hom in die boot en gee vir hom kos en drank, en neem hom saam na Hawaii. Hy tel hom uit die boot nadat hy vasgemeer het en sit hom neer op die goue strande van Hawaii.

Wie was die werklike redder van die drenkeling? Natuurlik die laaste een. Hy het hom gered van 'n gewisse dood en hom saamgeneem na 'n plek waar hy nie weer sou verdrink nie. Op dieselfde manier het God nie die Bybel laat skryf as 'n *instruksiedokument* oor hoe om in die hemel te kom nie. Ook het Christus nie gekom om vir ons te wys hoe om reg voor God te lewe nie. Hy het ook nie gekom om ons te help as ons dit nodig het nie, net om daarna te verlang dat ons ook *ons deel* doen nie. Christus was soos die eienaar wat bereid was om alles vir die drenkeling te doen en so sy Redder geword het. Laat ons daarom van harte gewillig wees om uit dankbaarheid vir Hom te lewe.

Die Bybel is nie 'n instruksieboek nie, en die Kategismus is ook nie 'n handleiding om ons te leer hoe om 'n verbondskind te word nie. Christus het nie gekom om vir ons

te wys hoe om te lewe nie, maar het gekom om ons lewend te *maak*, en ons te versterk deur die Heilige Gees, nie om *ons* deel vir ons verlossing te doen nie, maar om te lewe, nie uit vrees nie, maar uit dank vir die verlossing van die dood. Dit is presies wat die Heidelbergse Kategismus ons leer.

Hierdie artikel handel oor "kind en kategese". Ek verkies die woord "kategese" of "Katkisasie", omdat "onderrig" te skools klink en nie pastoraal genoeg nie. Dieselfde geld *katkisasie-klas*; ek verkies *katkisasie-groep*.

Calvyn het kategese gekenmerk as die weg van die doop tot nagmaal. Verbondsjeug word geleer *wat* om te glo en *hoe* om te glo, om uiteindelik self hul geloof te bely, om Christus se Heilige Nagmaal saam met sy kerk te vier en om versterk te word deur die Heilige Gees in 'n lewe van geloofsgehoorsaamheid.

In hierdie artikel konsentreer ons eers daarop hoe om belydenisse te gebruik. Dan kyk ons na die weg van doop tot nagmaal en die verskillende fases waarin die kind se geloof groei deur die werking van die Heilige Gees. Laastens gee ek 'n voorbeeld van my eie katkisasiemetodes, wat ek oor 'n tydperk van 20 jaar in verskillende gemeentes gebruik het.

1. DIE GEBRUIK VAN BELYDENISSE

1.1 Onvrugbaar gebruik

Die eerste dwaling is om die belydenis te aanvaar op 'n *tradisionalistiese* manier (in stryd met Efesiërs 2:21, 1 Petrus 2:5, en Openbaring 2:4): dit is nou maar soos dit is. So word die kerk gedegradeer tot 'n museum. Dit is soos die regte ding, maar dit is nie lewend nie. Dit is 'n geval van glo sonder oortuiging.

'n Tweede dwaling is om agter inter-denominale aan te jaag, in 'n relativistiese manier (in stryd met Johannes 14:6, Handeling 4:12 en Filippense 2:10 en 11), dus om nie te glo in *die* waarheid nie. Elke denominasie het 'n gedeelte van die waarheid. So word die kerk gedegradeer tot 'n winkel: daar is iets vir almal. Dit is 'n geval van geloof sonder belydenis.

Die derde dwaling is om te glo in dit wat jy dink is belangrik, op 'n *subjektiewe* manier (in stryd met Efesiërs 4:1-6,15; Kolossense 2:8; 1 Timoteus 6:3; 2 Timoteus 4:3-4). Slegs die gevoel speel hier 'n rol. So word die kerk soos droë sand; elke korrel gaan sy eie weg. Dit is hier 'n geval van oortuiging sonder belydenis, dit wil sê individualisme. Hierdie gevare moet verhoed en vermy word deur te besin oor geloof *en* belydenis *en* oortuiging. 'n



Groep jeug sonder geloof is soos 'n rivier sonder water. En 'n groep sonder belydenis is soos 'n rivier sonder walle. En 'n groep sonder oortuiging is soos 'n rivier sonder stroming. Geloof, belydenis en oortuiging hoort bymekaar, soos 'n rivier nie kan bestaan nie sonder water, walle en stroming.

Die "Drie Walle van Eenheid" is hoog en sterk genoeg om ons geloof te lei, wat geanker is in die onveranderlike Woord van God wat gehoorsaam moet word in veranderlike situasies. Die huidige walle hou die oortuiging ferm in die loop van God se Woord, en keer alle soorte dwarsstrome af.

1.2 Vrugbaar gebruik

Ons dink eers aan die prominente belydenis oor die Heilige Gees in die Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls. In 25 van die 52 Sondae en in die helfte van die Leerreëls staan die werk en werking van die Heilige Gees sentraal. Die belydenis lei die kerk na die Woord, wat hulle leer om as profeet te lewe, wat die Gees se Woord verkondig (2 Timoteüs 3), as priester wat die Heilige Gees se tempel is (1 Korintiërs 6:19,20) en as koning wat die Heilige Gees se wapenrusting dra (Efesiërs 6:10-18).


Ons dink ook aan die belydenis oor ons Christelike lewenstyl. Die derde deel van die Kategismus, wat handel oor ons dankbaarheid, help hulle om te lewe volgens God se Wet (Sondag 34 tot 44) in die weg van gebed (Sondag 45 tot 52). Dit is 'n voldoende antwoord op die hedendaagse sekularisasie.

Teenoor die huidige evolusionisme bely ons die God van voorbestemming en voorsienigheid, van skepping en herskepping. En die kerk hou vas aan die belydenis van een kudde (teenoor evangelisme) naby die een Herder (teenoor ekumenisme).

Laastens wil ek die waarheid en waarde van artikels 4 en 5 van die Nederlandse Geloofsbelydenis uitlig. Hierdie artikels verbied ons om die helderheid van die Skrif

onder bespreking te bring. Dit verbied ons om die waarheid van God se Woord aan ons begrip onderhewig te maak. Voortgaande Bybelstudie word gelei deur die Bybel self.

Ons maak met dankbaarheid gebruik van Belydenisse en Formuliere in kategese, ons rigting-aanduiders en waarskuwings-tokens wat ons na die Bybel lei wat ons ons redding deur geloof in Jesus Christus laat verstaan (2 Timoteus 3:15).



Ek het 'n slag gelees: "Die praktyk van kategese, soos dit reg verstaan word, is die Christelike ekwivalent van bestudering van die prent op die houer van 'n legkaart voordat daar begin word om die honderde stukkie in mekaar te sit. Dit is baie belangrik om die groter prentjie duidelik in gedagte te hou".

Die Heidelbergse Kategismus is vir die kerk 'n gids om die Skrif beter te kan verstaan, dit dien as beginpunt vir meer effektiewe Bybelstudie. En Bybelstudie leer hulle redding deur geloof verstaan; geloof is net lewend as dit tot uiting kom in daad van dankbaarheid. "Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood." (Jakobus 2:26).

Memoriserings moet beklemtoon word terwyl die Kategismus met die Skrif verbind word wat nuttig is vir leer en lewe sodat al die kinders van Jesus Christus volkome sal wees, deeglik toegerus vir elke goeie werk (2 Timoteüs 3:16,17). Om te onderrig is om lering te bewerk, en om te leer is om

onderrig toe te pas. Die Kategese moet daarom verbind word met werklike omstandighede, met belangrike wêreldgebeure, skoolgebeure, met wat op televisie of rekenars te sien is, met letterkunde, en nog meer. Laat hulle verstaan hoe die kategese van waarde is as 'n rigtingwyser vir die lewe. En laat hulle beseft hoe aangenaam katekisasie is. *Utile dulci*: nuttig en aangenaam.

Ons moet nie die waarde van kennis van geloof onderskat nie, maar ook nie die waarde van kennis oorskakel nie. Na hulle belydenisaflegging sal hulle as die Here wil, ongeveer 2000 preke oor die Heidelbergse Kategismus hoor.

My kategese het altyd drie doelstellings gehad:

- dat die katekisant die teks van die katekisasie verstaan;
- die Bybelse basis van die teks kan verduidelik;
- die boodskap van die katekisasie in hul daaglikse lewe kan toepas.

2. DIE WEG VAN DOOP NA NAGMAAL

Die pedagogiese volgorde van die inhoud van die Heidelbergse Kategismus het sy oorsprong by Calvyn se tweede Kategismus: geloof - sakramente - wet - gebed:

- Geloof: *wat* ons glo;
- Sakramente: waar kom 'n lewendige geloof vandaan?
- Wet: *dat* ons glo;
- Gebed: waar kom 'n gelowige lewe vandaan?

Die katekismus begin met die belofte en daarna volg die eise. En dit is alles die werk van die Heilige Gees!

Wat ons glo en *dat* ons glo hoort bymekaar. Kategetiese onderrig is die pastorale gesprek met God se verbondskinders. Die oordrag van kennis is belangrik, maar dit is die kennis van geloof. En geloof is kennis *en* vertroue. Kennis sonder vertroue is filosofie, en vertroue sonder kennis lei tot verwarring. Kennis is 'n middel. Daar is ook ander middels wat die Heilige Gees gebruik om sy kind te oortuig. Kennis is belangrik; nie om alleen

maar te memoriseer nie, maar om te gebruik. Kennis gee die jeug 'n vashouplek om God te vertrou (hoe kan ons iemand vertrou wat ons nie ken nie?), Hom te bely (hoe kan ons iets glo wat ons nie weet nie?), en vir Hom te lewe (hoe kan ons normatief lewe as ons nie die norme ken nie?).

Laat ons kinders dus leer. Maar moet nooit vergeet dat kennis 'n middel is en nie die doel van katekisasie nie. Die hoofdoel is dat hulle hul geloof bely. Hulle moet die geleentheid kry om oor hul geloof te praat, hulle lewe vir God, hulle moeites, hulle twyfels, hulle vrae oor die kerkleer en oor die kerklewe. Om op te voed, is nie om 'n emmer leeg te gooi nie, maar om 'n vuur te maak. En as hulle nie wil praat nie, laat hulle dan neerskryf wat hulle dink en voel. Laat ons hulle lei sodat hulle beseft dat kennis 'n kwessie is van hart en verstand.

Ons praat van kennis van geloof. Ons bely dat geloof Jesus Christus met al sy verdienste omvat. Geloof maak Jesus Christus ons eie. Geloof soek niks behalwe Jesus Christus nie. Geloof verbind ons aan Christus in die gemeenskap aan al sy weldade (NGB Art 22). Geloof is kennis. Maar onderrig en die aanleer van kennis wat nie Christus omsluit nie, maak Hom nie deel van ons nie, soek nie alles in Hom nie, hou ons nie by Hom nie, is tevergeefs, is nutteloos.

Katekisasie is die weg van doop na nagmaal, nie van die doopvont na die finale eksamen nie. Ons praat van die kennis *van geloof*. Ook nie van die doopvont na mistieke gevoelens nie; ons praat van die *kennis van geloof*.

Calvyn het gesê dat die een doel van opvoeding is dat die jeug dissipels van God sal wees. 'n Vermeerdering in intellektuele kennis alleen lê totaal buite die bedoeling van Calvyn se lering. Vermeerdering van intellektuele kennis is 'n uitvindsel van die humanisme en is 'n onmoontlike abstraksie, het hy gesê. Om die

jeug te lei in die kennis van die geloof, is om te konsentreer op die *Gloria Dei*: dit is om God te ken en om liefde aan God en jou naaste te toon.

Dr MB van 't Veer het in sy tesis oor Calvyn se katekisasie die eenheid van kennis en motivering beklemtoon. Die jeug wat hulle geloof wil bely, gee uitdrukking aan hul motiewe wat verbind is met hul kennis. Hy het gesê dat 'n mens nie die pastorale gesprek oor motiewe moet skei van die pastorale gesprek oor kennis nie.



3. FASES VAN GROEI

Die vrees van die Here is die begin van kennis en wysheid (Job 28:28; Psalm 111:10, Spreuke 1:7; 9:10). Die fokus van skoolaktiwiteite is dat die studente God se Woord en werk bestudeer terwyl hulle groei in kennis, begrip, vaardighede en ingesteldheid. Alhoewel elke student ontwikkel en presteer op verskillende maniere op verskillende stadiums en teen verskillende tempo's, sal die leerproses vorder oor vier oorleuelende fases van ontwikkeling.

Tydens die vroeë kinderjare kry kinders beheer oor hul eie leerproses. Dit word duidelik in hul vinnig ontwikkelende kapasiteit om met ander mense te skakel en hul interaksie met die wêreld. Die kind ontwikkel geloof deur die Heilige Gees as 'n persoonlike ervaring van vertrou, liefde en aanvaarding: die "ek-glo-fase".

Gedurende die middel-kinderjare stel hulle belang in ander tye, plekke en gemeenskappe. Hulle begin om verskillende menings te verstaan

en waardeer en ontwikkel die vermoë om meer abstrak te dink en om langer met bepaalde aktiwiteite vol te hou. In hierdie fase ontwikkel die kind se geloof deur die werking van die Heilige Gees as kennis van en vertrou in Jesus Christus wat na die aarde gekom het vir sy mense. Dit is die "ons-glo-fase".

Vroeë adolessente wil graag deel wees van 'n portuurgroep en kan begin om vrae te vra oor bestaande tradisies, praktyke en waardes. Hulle belangstellings strek verder as hul eie omgewing en hulle begin omgee vir wyer sake. In hierdie fase ontwikkel die geloof deur die Heilige Gees en vra hul vrae oor die betekenis en doel van die Bybelverhale wat in die vorige fases aan hulle vertel is. Daar ontwikkel nou 'n lewendige verhouding met God. Dit is die "hoekom-glo-fase".

Laat adolessente en vroeë volwassenes is meer bewus van hul eie vermoëns, belangstellings en doelstellings. Hulle speel 'n groot rol in die keuses wat hulle maak wat hulle lewe beïnvloed en in die vorming van hulle ervarings. Hulle is dikwels begaan oor groot sosiale en omgewingsake en die etiese implikasie van menslike aktiwiteite en kennis. In hierdie fase ontwikkel die geloof deur die Heilige Gees as kennis wat jy besit (wat ek glo) en vertrou (dat ek glo) wat dan gebruik word in die daaglikse lewe. Dit is die "hoe-ek-glo-fase".

Moenie vergeet dat studente op verskillende maniere leer nie. Intelligensie word op veelvuldige maniere uitgedruk. Addisioneel tot taalkundige en logies-wiskundige vermoëns kan die volgende geïdentifiseer word: dink in bewegings, in prente en vorms, in melodieë, in interaksie met ander mense, in interaksie met hulleself, en in natuursake. Alhoewel almal al die intelligensies besit, gebruik almal nie ewe veel van elkeen nie. Die intelligensies kom na vore by verskillende leeftye, sodat indien 'n persoon tans nie eintlik talentvol is in 'n spesifieke veld nie, dit nogtans

later in daardie veld intelligenter kan word soos hy of sy ouer word. Ook kan enige van die intelligensies ontwikkel deur oefening en inspanning.

4. 'n VOORBEELD

In hierdie laaste afdeling gee ek 'n voorbeeld van my eie katkisasie metode.

Die vorige week het ons Vraag 108 bestudeer, oorweeg en bespreek: "Wat leer die sewende gebod ons?" Die grondslag was toe Hooglied 8, liefde as die vlam van Yahweh, teenoor die raad en leer van Bileam (Numeri 25, 31:16, Openbaring 2:14), wat sê: gee jou identiteit as God se volk prys in die sondige wêreld, en word gelyk aan die wêreld van sonde. Daar was ook 'n bespreking oor die Nikolaïete in verband met Bileam (Openbaring 2:15). Dit is waarskynlik dat die Nikolaïete 'n kompromie met 'n nie-christelike leefwyse gemaak het, wat neerkom op 'n verloëning van Jesus Christus. Aan die einde van die katkisasie-uur het ek 2 Korintiërs 6:15,16 genoem: watter ooreenkoms het Christus met afgode? Toe verduidelik ek Vraag 109 oor die liggaam en siel as tempel van die Heilige Gees.

Die opdrag aan die katkisante was soos volg: leer die woorde van Vraag en Antwoord 109 en antwoord dan die volgende vraag: "In 1 Korintiërs 6:19 en 20 leer ons dat ons tempels van die Heilige Gees is. Wat beteken dit vir jou in die daaglikse lewe dat jy 'n tempel is? Gee 'n paar aktuele, konkrete voorbeelde. Praat oor hierdie vraag by die huis".

Ons sit rondom 'n ronde tafel of in die vorm van 'n 'U' sodat ons mekaar almal goed kan sien en hoor. Ons het ons Bybels, Psalm-boeke en katkisasie-oefeningboeke by ons. Ons begin met verootmoediging: ek bid. Dan moet die katkisante Antwoord 109 in hul oefeningboeke neerskryf. Afskryf word nie geduld nie. Ek stap rond terwyl hulle skryf en lewer kommentaar waar nodig. Soms laat ek hulle mekaar se werk nasien. Ek

teken die teenwoordigheid en aandagspeil aan. Ek moedig aan waar ek kan. Niemand kry die kans om te lag vir iemand wat nie kan onthou nie of wat vashaak of hakkel.

Daarna lees ons 'n gedeelte uit die Bybel wat verband hou met die Vraag en Antwoord wat hulle moes leer. My standaardvraag volg: wat is die verband tussen dit wat ons nou net gelees het en dit wat julle geleer het?

Ek het Spreuke 7 gekies vir hierdie geleentheid, oor die jong man wat agter die verleidster aanloop soos 'n bees wat na die slagpaal gaan. As hulle probleme het om oor die verband te praat, laat ek hulle dit neerskryf in hulle oefeningboeke. Daarna laat ek hulle in pare praat en laat hulle na vore kom met ander voorbeelde uit die Bybel, en uit sepies, advertensies, ens. Terwyl hulle besig is, maak ek 'n tabel op die bord. Aan die een kant skryf ek: *wysheid* en aan die ander kant *dwaasheid*. In die bespreking gaan ons terug na die vorige week oor Bileam en sy dwase volgelinge. Hulle kan name noem soos Josef en Potifar se vrou, Dawid en Batseba, Juda en Tamar. Dit word op die bord ingevul.

Dan is dit tyd vir terugvoering oor die vraag waaroor hulle moes gaan dink by die huis. 'Hoe is jy 'n tempel?' Waarskynlik het hulle nie baie voorbeelde nie, daarom het ek 'n prent van die tabernakel saamgebring. Hulle moet die 6 voorwerpe noem en vertel wat die betekenis was van hierdie voorwerpe. Hoe word dit met Christus verbind? Hoe is *ons* tempels van God? Hulle bespreek dit in pare. Hulle kry Exodus 25 tot 31 as wenk.

Ek verduidelik aan hulle dat die Ou Testamentiese tempeldiens dui op die evangelie van God se redding deur Christus, en dat *ons* tempeldiens bereidwilligheid is om deur die Heilige Gees uit dankbaarheid te lewe. Om toe te pas wat dit beteken, stap ons saam deur die tempel.

Die eerste ding wat ons in die voorhof sien, is *die brandoffer-*

altaar. Dit beteken dat God wil hê dat die mense voor sy aangesig versoen moet wees deur die bloed wat na Christus wys. Ons glo in Hom, die Lewende Offer (Hebreeërs 7:27) en omdat ons tempels is, moet ons *heilig* lewe. Dit beteken dat jy sekere dinge moet opoffer. Ons kan nie toegee aan ons begeertes deur te doen net wat ons wil nie.

Die brons waskom weerspieël die sonlig. God wil hê dat sy kinders skoon moet wees na liggaam en gees. Ons glo in Jesus Christus, die Lewende Water (Johannes 7:37,38) en omdat ons tempels is, sal ons *rein* lewe. Ons liggaam is nie 'n speelding nie, maar 'n tempel. Hulle moet hul seksualiteit geniet as suiwer, heilige tempels, maar moet weet hoe verkeerd dit is om hulle geliefde se tempelskat te steel.

Dan betree ons die heiligdom met die *tafel met toonbrode* aan die regterkant. Dit beteken dat God sy kinders in sy teenwoordigheid wil hê sodat hulle dankbaarheid teenoor Hom kan betoon. Ons glo in Jesus Christus, die Lewende Brood (Johannes 6:51) en omdat ons tempels is, sal ons *dankbaar* lewe. Ons daaglikse en weeklikse dienste is dus nie uit angs nie, maar uit dankbaarheid. Ons weet van watter straf ons verlos is.

Oorkant die tafel is die *goue kandelaar* wat die Heiligdom verlig. Dit beteken dat God wil hê dat sy kinders hul lig moet laat skyn langs sy pad van lig. Ons glo in Jesus Christus, die Lewende Lig (Johannes 8:12) en omdat ons tempels is, lewe ons as *getuies* van die Lig. Dit beteken dat ons Christus moet bely voor die mense, en hoe liefde die vlam van Jahwe moet wees (Hooglied 8:6). Dat hulle lewe in die wêreld, maar die wêreld lewe nie in hulle nie.

Voor die voorhangsel blink die *wierookaltaar* soos goud. God wil hê dat sy kinders moet "kniel" voor sy troon met die soet wierookgeur van die gebed. Ons glo in Jesus Christus, die Lewende Weg (Johannes 14:6), die Trooster

(1 Johannes 2:1), die Advokaat in wie se naam ons toegang het tot die Vader. En omdat ons tempels is, sal ons lewe soos die aangename geur van Christus, dit is as die reuk van sy kennis (2 Korinthiërs 2:14) volgens sy Woord (2 Korinthiërs 2:17), werkend en *biddend*. Ons gebed moet nie formalisties wees nie, maar in 'n persoonlike verhouding wees met God, ons moet Hom alles vra wat ons nodig het vir liggaam en siel. "Lei ons nie in versoeking nie."

Ons mag selfs in die Allerheiligste ingaan. Direk oorkant die altaar staan die *ark van die verbond*. God wil tussen sy kinders lewe wat naby Hom is danksy die bloed van sy Seun. Ons glo in Jesus Christus, die Lewende Versoendeksel (Romeine 3:25) en omdat ons tempels is van die Heilige Gees wat in ons woon (1 Korinthiërs 3:16, 17), sal ons geestelik verlig lewe? Dit bring ons terug by 1 Korinthiërs 6: die tempel van die Heilige Gees. Ons vergelyk 1 Korinthiërs 3, 1 Korinthiërs 6 en 2 Korinthiërs 6. Alles leer ons hoe *ons* tempels is van die Lewende God.

Dan word dit tyd om 'n paar sake te verduidelik oor vraag en antwoord 110, die agtste gebod. Die taak vir die volgende week: memoriseer die kerngedeelte van antwoord 110 en gee julle eie voorbeelde wat verwys na die tweede gedeelte. Nog 'n vraag: Vergelyk die gelykenis van die talente (Mattheus 25:14 e.v.) en die ponde (Lukas 19:11 e.v.). Wat is die verskille en ooreenkomste? Wat is die betekenis van albei gelykenisse? Wat is die verband met die agtste gebod? Die volgende week sal ons die antwoorde vergelyk met vraag 111, oor getroue werk.

Aan die einde van die aand dank ons die Here en bid vir sterkte om sy tempels te kan wees.

En daar gaan die katkisante weer, van die doopvont na die 'front', hul geloof belydend, en na die Nagmaalstafel van hul enigste Verlosser Jesus Christus, wat in hulle sal lewe deur sy Heilige Gees.
Soli Deo Gloria! ☩

ONTWIKKELING: BOU 'n POSITIEWE SELFBEELD

M. Snyman

TEMA: DIE KIND

Ja, hierdie artikel is ook vir jou van belang! Elke persoon wat enig-sins met kinders in aanraking kom, het 'n invloed op hulle selfbeeld. Alles wat jy sê of doen gaan die kind se selfbeeld bou of breek. Hulle sien hoe jy leef en wat vir jou belangrik is, en daaraan gaan hulle hulself meet. Wees dus bewus van jou invloed. Hetsy as ouer, onderwyser, grootouer, oom, tannie, vriend of net mede-gelowige...

Die samelewing van vandag meet ons aan drie b's: beeldskoonheid, breins en beursies.

Beeldskoonheid of fisiese aantreklikheid. Die televisie, tydskrifte en ander media bombardeer ons kinders met beeldskone mense. Gaan kyk 'n bietjie hoeveel advertensies beloop jou om fisies mooier te word: pragtige blink hare, vel sonder rimpels, in tien dae jare jonger...

Breins. Ons skole is baie ingestel op akademiese prestasie. Die top tien, erekleure, prestasiebeurse en so meer gee die boodskap baie duidelik:

Jy moet presteer op akademiese gebied. Wedywering tussen ouers is baie sterk. "My kind sê al sus en so en doen dit en dat op soveel maande!"

Beursies. bultende beursies vol blare! Dit is mos lekker om geld te hê! Die nuutste modes, die mooiste motor, die duurste speelgoed. Deur die sterk invloed van die media is kinders van kleintyd af bewus van hierdie dinge.

Die Bybel leer ons anders. Uiterlike skoonheid is ydelheid, dit is die innerlike mens wat tel. Besittings word deur mot en roes verniel, maar ons skat moet in die hemel wees. Ons hoef nie slim te wees nie, maar wel vriendelik, sagmoedig, nederig en vol selfbeheersing. Dit klink mooi en ons weet dit almal. Maar ons lewe in 'n wêreld wat die boodskap baie duidelik na ons kinders toe laat kom: jy het die drie b's nodig om iemand te wees wat tel! Hoe gaan ons te midde van hierdie verkeerde boodskappe ons kind bemagtig met 'n goeie selfbeeld? 'n Selfbeeld gewortel in ons kindskap van God die Vader?

Om jou eie of iemand anders se selfbeeld te bou, moet ons eers weet: waar kom ons selfbeeld vandaan? Daar is basies twee bronne wat die selfbeeld bou (of breek).

ERVARINGS

Wanneer ons iets doen, het ons 'n gevoel van sukses of mislukking wat daarmee saamgaan. Hoe meer sukses ons behaal, hoe beter raak die beeld van onself. Hoe meer ons misluk, hoe slegter raak die beeld van onself. Sukses en mislukking is egter relatief en hang af van die eise wat ons stel. Hoe hoër die eise is wat ons aan onself en ons kinders



stel, hoe kleiner die kans op sukses. Om jou kind sukses te laat ervaar moet jy realistiese, bereikbare eise stel. Indien jy self 'n swak selfbeeld het, moet jy dalk 'n slag kyk na die eise wat jy aan jouself stel!

TERUGVOER

Die terugvoer wat ons oor onself kry, is die sterkste selfbeeldbouer of afbreker. Die afbreek gaan ongelukkig makliker as die opbou. Komplimente gaan dikwels by ons verby en ons vergeet dit gou, maar beledigings kan ons lewe lank by ons bly. Hoeveel keer word kinders nie toegesnou: "Jy't al weer rooimiere, kan jy nie stilsit nie?" "Los nou jou sussie uit, julle baklei ook alewig!" (en die kere wat hulle soet saam speel, sê jy dan iets?) "Onnosel, kan jy nie dink nie?" Byname, dikwels grappenderwys bedoel, kan 'n kind knak. Die Bybel praat baie oor die tong, 'n klein deel van die liggaam met vernietigende krag!

'n Paar praktiese riglyne vir die bou van 'n positiewe selfbeeld in 'n kind:

1. Jou eie selfbeeld


Werk daaraan om self 'n positiewe selfbeeld te hê. Iemand met 'n goeie selfbeeld is baie meer positief en sal makliker positiewe terugvoer aan ander gee. Gaan dink oor jou suksesse en mislukkings in die lewe, die terugvoer wat jy van ander kry. Verlaag die eise aan jouself as dit nodig is. Lees oor selfbeeldontwikkeling, dit is moontlik om jou swak selfbeeld te verbeter.

2. Die ware waardes

Dit help nie net om vir jou kind te sê dat die drie b's onbelangrik vir ons is nie, jy moet dit uitleef. Jy kan nie vir jou kind sê dat beeldskoonheid nie belangrik is as jy ure voor die spieël spandeer en altyd kla oor jou vet boude of vaal hare nie! Jy kan ook nie vir hom sê dat breins nie belangrik is, as jy hom aanhoudend druk om op akademiese gebied te presteer nie. Laat die manier waarop jy jou geld spandeer, en daarvoor praat, vir jou kinders 'n voorbeeld wees. Leer hulle van jongs af die vreugde van gee. Nie net gee vir God nie, maar ook vir ander.

3. Saamwees tyd

Jou kinders het kwantiteit en kwaliteit tyd nodig. Jy kan ure saam met jou kinders wees, besig om huis skoon te maak, kos te kook, televisie te kyk of ander belangrike dinge te doen. Ure tyd, maar geen tyd om te gesels, 'n storie te lees, grappies te maak, te stoei of net na hulle te luister nie. Aan die ander kant kan jy wel 'n uurtjie of twee tussen die dag-sorg en slaaptyd hierdie dinge met jou kind doen, maar die bietjie kwaliteit tyd kan nie opmaak vir die ure wat hulle sonder jou is nie!



4. Onvoorwaardelike liefde

God het ons onvoorwaardelik lief. Hy aanvaar ons onvoorwaardelik. Vir ons as mense is dit moeilik om onvoorwaardelik lief te hê en te aanvaar. Tog is dit die beginpunt vir jou kind se opvoeding en selfbeeld. Wys vir jou kind dat jy hom liefhet al het hy jou in die steek gelaat, teleurgestel, of baie kwaad gemaak. Maak altyd weer reg met jou kind nadat jy hom moes dissiplineer en verseker hom van jou onvoorwaardelike liefde.

5. Aanvaarding

Elke kind het sy eie persoonlikheid, sy sterk en swak punte en ons moet alle kinders aanvaar vir wat en wie hulle is. Aanvaar dat jou kinders verskillend gaan wees en moedig elkeen aan om op sy of haar eie gebied uit te staan. Moenie vergelyk nie. Ons onvoorwaardelike aanvaarding is 'n sleutel tot 'n goeie selfbeeld. Jou kind moet nie voel dat hy moet presteer of goeie maniere moet hê om deur jou aanvaar te word nie.

6. Aanmoediging

Lof, prys en aanmoediging is die

sterkste selfbeeldversterkers.

Spreek jou waardering uit vir mooi dinge wat jou kinders doen. Gee vir hulle komplimente oor mooi maniere, eerder as om die swakkes te straf. Een keer se kompliment oor 'n goeie daad is beter as vyf strawwe vir 'n slegte daad.

7. Moenie veroordeel nie!

Jy het dit seker al gehoor: Val die probleem aan, nie die persoon nie! Sê liever "DIT is onbeskof, stout, verkeerd, lelik" en nie "JY is onbeskof, stout, verkeerd, lelik" nie. Jy kan dit selfs baie mooi stel: "Dit wat jy nou gedoen het, pas nie by 'n mooi mens soos jy nie!" Word jy baie kwaad, en verloor jy jou humeur en sê iets waarvoor jy later spyt is, gaan dan na jou kind en vra verskoning. Sê dat jy baie kwaad was en toe iets gesê het waarvoor jy nou jammer is. Jou kind sal baie respek hiervoor hê en leer om ook so op te tree in so 'n situasie.

8. Openhartigheid

Wees eerlik met jou kind oor jou gevoelens. Volwassenes het al geleer om die emosies wat hulle ervaar nie altyd te uit nie. Jy hou dalk nie van iemand nie, maar behandel wel die persoon met respek. Kinders kan baie skuldig voel oor hulle emosies. Hulle hou dalk ook nie van iemand nie. Hulle uit die emosie deur die persoon sleg te behandel en voel dan nog slegter. Sê vir jou kind: "Ek hou ook nie van almal nie, maar probeer tog om alle mense met respek te behandel." Moenie voorgee om iemand te wees wat jy nie is nie en erken dat jy ook foute het.

In kort, skep vir jou kind situasies waarin hy sukses kan behaal, goed kan voel oor homself en gee soveel as moontlik positiewe terugvoer. En onthou dit geld nie net vir kinders nie, maar vir enigiemand anders ook!

Bronne en verdere leesstof:

Annemarie le Roux: *Bestaan jy of leef jy?*

Arnold Mol: *Ouerskap wat werk*
Dorothy Briggs: *Your Child's Self-esteem*

James Dobson: *Hide or Seek* ❖

DIE PLEK VAN SEKSUELE OPVOEDING AAN DIE JONG KIND (I)

JJD Baas

TEMA: DIE KIND

Ons leef in 'n era waarin ons tydens die opvoeding oor amper alles praat. Deesdae bespreek ons baie met ons kinders – dit pas immers in hierdie tyd. Alles moet beargumenteer word: hoekom Pappa en Mamma so optree en waarom mag jy dít doen en daardie nie. Ons bevind ons in 'n pratende wêreld.

Dit is 'n goeie ding. Al moet jy soms ook dinge kan afmaak met “Ek doen dit omdat ek dit **wil** doen!” Nie alle onderwerpe is maklik om met kinders te bespreek nie. Hier dink ek veral aan sake op die gebied van seksualiteit. In vandag se tyd lyk dit asof alle taboes op hierdie gebied opsy geskuif is. Tog is dit vir heelwat ouers nog baie moeite om openlik met hulle kinders hieroor te kan praat. Hoekom is dit so? Wat maak ons huiwerig om op 'n vanselfsprekende manier met die kinders hieroor te praat?

Benewens 'n paar algemene sake oor die seksuele opvoeding van kinders, wil ek my in twee artikels veral rig op die seksuele opvoeding van die jong kind (tot 12 jaar). Die volgende artikel sal dan hoofsaaklik handel oor die ouer jeug (12 jaar en ouer) en seksuele opvoeding.

OORSAKE

Hoe gebeur dit dat ons soveel moeite ondervind om openlik met ons kinders hieroor te praat? Ek het probeer om 'n paar oorsake te lys.

a) Baie ouers is maar halfhartig deur hul eie ouers ingelig. Tydens hulle jeug was gesprekke oor dié onderwerpe nouliks aanvaarbaar. Omdat jy glad nie of skaars voorgelig is, weet jy as ouer dan nie hoe om self die gesprek met jou kinders

aan te pak nie. Maar as jy die saak daar laat, sal jou kinders eendag net so sleg daaraan toe wees as jy.

b) Seksualiteit raak die intiemste omgang met ander. 'n Deel daarvan beleef jy verborge; so hoort dit ook. In Levitikus 18 lees ons 'n aantal reëls oor die bedekking van skaamte. Dit staan lynreg teenoor die skaamtelose tentoonstelling van liggaamlikheid in hedendaagse advertensies en TV-uitsendings. Dit wat intiem is, moet ook intiem bly. Seksualiteit hoort grotendeels tuis in die intimiteit van die huwelik. Daar is niks mee verkeerd nie. As jy met jou kinders oor seksualiteit praat, praat jy oor baie intieme sake. Dit maak dit tegelykertyd ook so spannend om sommer net met jou kind daaroor te begin praat.

c) 'n Derde probleem in die seksuele opvoeding van ons kinders lê waarskynlik in die feit dat ons hierdie onderdeel van die opvoeding te veel isoleer van die res van die opvoeding. Ons soek na 'n spesiale oomblik om dit met ons kinders te bespreek, met die gevolg dat 'n té besondere atmosfeer daarom hang.

d) Seksualiteit raak ons gevoel. Ons moet oor ons gevoel praat en daarmee het ons beslis moeite, want dit is nie in ons aard om daaroor te praat nie. Hoe kan jy vir jou kinders sê wat jy by bepaalde gebeurtenisse voel? Ons leef nog steeds in 'n kultuur waar huil byvoorbeeld 'n teken van swakheid is – 'n man 'mag' byvoorbeeld



nie huil nie. In ons kultuur vind ons dit redelik moeilik om te vertel watter dinge ons die diepste tref.

e) Ten slotte sou ons eie beskouing van seksualiteit miskien 'n belemmering kan wees. Hoe sien ons self eintlik seksualiteit? As ons self 'n verkeerde beeld daarvan het, byvoorbeeld “Dis iets laags, iets sondigs”, dan belemmer dit ons vermoë om op 'n positiewe manier daaroor te praat.

In die vervolg op dié artikel word hierdie punte in verdere besonderhede bespreek.

HOE SIEN ONS ONS KINDERS?

Van groot belang tydens die hele opvoeding is hoe ons ons kinders sien. Daarom wil ek dit eers bespreek, veral met die oog op die vervolg van dié artikel.

Probeer om jou 'n paar minute in die volgende vraag te verdiep. Hoe dink ek oor my kind? Sluit jou oë en dink daaroor na – en probeer om eerlik te wees!

Sien ek my kind as 'n geskenk van God? Of is hy/sy maar net my trots, waarvoor niemand iets mag sê nie? Of is my kind 'n ongemaklike las? Gee hy/sy die een probleem na die ander? Vra hy/sy baie energie van my? Of is my kind my gelyke, een met wie ek alles op gelyke voet bespreek?

Ek dink dat ons in die eerste plek daarop uit moet wees om ons kinders as kinders van God te sien.

Wat beteken dit nou konkreet vir die opvoeding van elke dag? Dit beteken in élk geval bewondering van ons kant. Watter groot wonder is dit nie dat ons kinders kinders van Hom mag wees! Hy het hulle aanvaar soos hulle is. Ek kan dit nog sterker stel: Hy wou hulle self gehad het soos hulle daar is!

Hy was tog teenwoordig toe die saadse van die man die eiersel van die vrou binnegedring het om nuwe lewe te begin? Hy het juis die saadse, te midde van miljoene ander, na die eiersel gelei. Daardeur het jou kind ontstaan met die spesifieke eienskappe wat geen ander kind ter wêreld het nie. As jy daarvoor nadink, maak dit jou stil. Die magtige God, die Vader van ons kind!

Nou moet ons verder dink: Jy het self ook op hierdie manier ontstaan, en jou eggenoot en jou ouers, en so verder. As mens goed daarvoor nadink, draai jou kop. Jy besef dat die Here God die pad so gelei het na ons en ons kinders. Dit was sy wil dat jy en jou kind daar sou wees om vir Hom te leef en ewig by Hom te wees. Laat ons probeer om ons kinders veral só te sien: in verwondering. Met 'n dankbare blik na Bo.

Dit bring baie ontspanning ook as kinders moeite gee met die opvoeding deur tog in verwondering te bly sê: "Sy kind, 'n Godsgeskenk!" As jy dit só sien is dit baie makliker om jou moeites met die opvoeding by Hom neer te lê. By wie kom jy dan beter tereg?

Dit is ons opdrag om die geskenke van die Here nou ook op te voed. Daartoe sal jy self nooit in staat wees nie. Gelukkig laat die God, wat sy verbond met die kinders en met ons gemaak het, ons hiermee nie aan ons lot oor nie. Hy wil alles daaraan doen dat die kinders vir Hom opgroei. Daarom het Hy ook hulp aan die ouers beloof: die Heilige Gees.

Die Gees kan sy werk doen as die opvoeders die Woord in hulle lewe toelaat. Daardie Woord moet kan deurvloei in die gesinne, sodat die Gees kan deurwerk in die harte van die kinders. Dit beteken dat erns gemaak moet word met Bybellees in die gesinne. Daar moet nie 'n afgerammelde gewoonte van gemaak word nie, maar by die saam aan tafel lees moet in alle erns voor daardie Woord gebuig word. As Bybelleeser moet jy probeer verwoord wat gelees word: wat dit in die algemeen beteken en, as dit kan, ook wat dit vir jouself beteken. Dit verg (voorbereidings)tyd, maar dié tyd is vir seker die belegging werd.

Laat ons ook daarop let dat ons self met 'n positiewe ingesteldheid na die kerk gaan. Want, liturgiese veranderinge of nie, dit is en bly tog die plek waar ons die Heer van ons lewe ontmoet. Waar Hy ons wil voed met sy Gees. Die plek waar Die Lewe te vinde is! Hy wil hê dat ons daarnatoe kom, is dit dan nie genoeg rede om met 'n blye hart daarnatoe te gaan nie?

Ons kinders doen baie dinge verkeerd. Ons vind dat ons soms oor hulle moet kla, maar is ons self beter as hulle? Doen ons niks meer verkeerd nie? Laat ons nooit vergeet dat die een sondaar die ander sondaar opvoed nie!

Beide die opvoeder en die kind leef slegs danksy God se genade. Dan pas woede wel by ongehoorsaamheid, want jy wil jou kind tog op die regte pad hou. Maar die woede moet 'n woede wees wat 'bo die saak' staan. Saam met die woede moet ons nie vergeet dat ons self ook nog soveel foute begaan nie en dat ons slegs verder kan gaan omdat God ons nie volgens ons sonde straf nie.

Probeer om die kinders veral op 'n positiewe manier te benader. Ons wys die kinders gou tereg as iets

verkeerd gaan, maar hoe gereeld uiter ons 'n positiewe opmerking in die rigting van die kinders as hulle iets reg doen?

'n Positiewe opvoedingsklimaat by die huis is uiters belangrik vir seksuele opvoeding. 'n Goeie, oop geloofsverhouding tussen jou en jou kind sal die hele opvoeding positief beïnvloed. Juis daarom het ons breedvoerig daarby stilgestaan.

NIE GESKEI NIE

Seksuele opvoeding kan nie losgemaak word van die gewone opvoeding nie. Dit het 'n plek in die totale opvoeding van jou kind. Net soos jy jou kind omgang met die Here voorhou, of jou kind leer om met ander mense om te gaan, so moet die kind ook leer om met hom-/haarself om te gaan. Dít is 'n belangrike deel van die seksuele opvoeding: leer om met jouself om te gaan. Met jou liggaam, met jou hele wese. Só moet die seksuele opvoeding 'n plek hê in die totale opvoeding. Dit is beter dat dit nie gaan soos "So, Jan, kom sit maar gou hier, Pappa het iets belangriks om met jou te bespreek" nie. Dan kry die seksualiteit so 'n besondere plek.

As jy daaraan gewoond is om in detail oor allerlei opvoedkundige sake met jou kind te praat, sal jou kind dit nie vreemd vind as ook seksualiteit 'n plek daarin kry nie. Bowendien is seksualiteit 'n onlosmaaklike deel van soveel ander opvoedkundige aspekte. Dit het te doen met jou geloof; dit het te doen met jou omgang met ander. As ons dié onderwerpe ernstig met die kinders deurpraat, kom seksualiteit vanself daarby te sprake.

VERVOLG


In die volgende uitgawe gaan dit oor ons houding ten opsigte van seksualiteit en wie wat vertel.

(Vertaal deur Sandra Zielman) ✠

ONDERHOUD MET DR. J.W. MEIJER

Jan en Juliët de Mooij

ONDERHOUD



'n Uitgawe van Kompas oor 'die kind' sonder 'n onderhoud met dr. J.W. Meijer is ondenkbaar. Want van die 42 jaar in die gereformeerde onderwys waarna hy mag terugkyk, het hy 25 jaar as skoolhoof aan die Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn gedien. Wie beter om ons te vertel oor gereformeerde onderwys en hoe dit vroeër was?

Kan u ons vertel waar u gebore is en waar u onderwysloopbaan begin het?

Ek is op 28 Desember 1934 in Amsterdam gebore, en snaaks genoeg het ek nooit van skoolgaan gehou nie! Tog het dit so gebeur dat ek vir die onderwys gekies het, vermoedelik deur die voorbeeld van my broer en sy verloofde. Op 19-jarige leeftyd het ek my staats-eksamen as onderwyser geslaag, en kort daarna as onderwyser voor die klas gestaan. My eerste skool was 'n soort 'evangelisasie-skool' in 'n minder goeie buurt van Amsterdam. Daarna het ek by verskillende skole klasgegee (soms as aflos-onderwyser), en uiteindelik in 1957 klas aan die skool waar ek self ook leerling was, gewerk.

Het u daarna nog lank in Amsterdam gewoon?

Nee, kort daarna het die *Wandersucht* (verlange na avontuur) in my die oorhand gekry! Die Vrijgemaakte

Kerke in Nederland het in daardie stadium begin sending dryf in die toenmalige Nederlandse kolonie, Nieu-Guinee. Deur die gemeente in Enschede uitgestuur, het ek in September 1957 na Nieu-Guinee vertrek. Ds. Drost was as sendeling daarheen gestuur en ekself as onderwyser, en saam moes ons 'n geheel nuwe begin maak in die gebied waarheen ons gestuur is. Die plaaslike bevolking (die Papuas) was nog glad nie aan die evangelie blootgestel nie en die gebied was alleen te voet en per boot bereikbaar. Wat beteken het dat ons die eerste jaar van ons verblyf die gebied moes verken en bande met die plaaslike bevolking moes smee. 'n Belangrike keuse was waar om 'n permanente dorp (sogenaamde kampong) op te rig, om vandaar as basis te werk. Uiteindelik het ons 'n plek gekies waar drie verskillende stamgebiede bymekaar gekom het. Die kampong het die naam Kouh gekry en dit was waar ons die komende jare sou werk en woon. Wat eers as 'n klein dorpie begin het het deur die jare gegroei en bestaan vandag nog as 'n bestuurspos.

Hoe het julle die tyd in Nieu-Guinee ervaar?

Dit was vol jare, en 'n ryk ervaring. Ons was deurentyd bewus van die roeping waarmee ons besig was en dit gee 'n geweldige bevrediging. Verder was jy ten volle op jou eie vindingrykheid aangewese en moes jy letterlik alles self doen. My taak as onderwyser moes ek natuurlik aanpas by die Papuas se gewoontes, en daarom het ons byvoorbeeld begin om vir 5 weke skool te hou waarna die kinders vir ongeveer 3 weke weer saam met die familie die bosse in is om te jag en die sago-plantasies te bewerk. Behalwe die onderwys gee, het ek my vanaf 1960 tot 1964 toegespits op die opleiding van sewe Papua-seuns as onderwysers. Ons was vir 'n tydperk van sewe en 'n half jaar in Nieu-Guinee, hoewel ons veel langer sou wou bly. In hierdie tyd is die bewind van Nieu-Guinee egter deur Indonesië oorgeneem en is ons deur die nuwe regering gedwing om te vertrek. Vir lank daarna het ons geworstel met die vraag waarom ons werk daar só moes eindig. Uiteindelik kon ons berus in die wete dat die Here tóg sy bedoeling daarmee gehad het.

Was dit 'n groot aanpassing om weer in Nederland te woon en te werk?

Dit was beslis nie maklik nie, maar ons het gou weer ons voete gevind en ek het begin werk as onderwyser in Spakenburg. Gedurende hierdie tyd het ek ook die voorreg gehad om vir 'n tydperk van drie maande in

Suid-Korea rond te reis, in opdrag van MESOS (die voorloper van De Verre Naasten). Die doel hiervan was om aanvrage om hulpverlening te beoordeel en daarvoor verslag te doen. Dit het beteken dat ek Suid-Korea moes deurkruis en byvoorbeeld verskillende wees-huise en melaatse kolonies besoek het. In Maart 1967 is ek aangestel as hoof van die laerskool in Eemdijk, 'n plattelandse dorpie naby Spakenburg waar ons vir vyf jaar baie lekker gewoon en gewerk het. In 1972 het ons voor die keuse gestaan van 'n nuwe avontuur: vanuit Suid-Afrika is ons genader om die skoolhoof van Johannes Calvyn Laerskool in Pretoria te word. Dit was 'n geleentheid wat ons aangegryp het met dieselfde gevoel van avontuur en van roeping wat ons vroeër geken het.

Nogmaals 'n groot aanpassing?

Ja, dit was natuurlik ook in terme van die onderwys-situasie 'n groot aanpassing en mooi uitdaging - in Suid-Afrika was die metodes en lesmateriaal baie voorskriftelik en moes ons baie moeite doen om byvoorbeeld nuwe boeke te vind en om die onderwysers aan te spoor om nie alleen te bly by 'wat die Departement van Onderwys voorskryf' nie. Die skool was toe nog in die Frederikastraat, met nouliks die allernodigste geriewe toegerus. Ons was baie dankbaar toe die nuwe skoolgebou in 1985 in gebruik geneem is. Ek sou dit 'n hoogtepunt wou noem in my loopbaan aan die Laerskool Johannes Calvyn. Dit het met opofferings en harde werk vanuit die gemeente gebeur, maar dit was opvallend hoe inspirerend so 'n verandering vir almal gewerk het!



Die ou skoolgebou in Frederikastraat

Was die kinders van daardie jare baie anders as die kinders van vandag?

Kinders bly maar dieselfde, maar die situasie waarin die kinders leef het natuurlik geweldig verander: die rekenaar en televisie speel 'n groot rol in die vorming van die kind. Die verwysingsraamwerk van 'n kind het gevolglik verander, en dit bring uitdaging vir die onderwyser en vir die ouers mee. Die informasievloed waarmee kinders byvoorbeeld gekonfronteer word, veroorsaak dat ons gouer afgestomp word vir die nood wat in ons eie omgewing leef. Hierdie bewusmaking is



Die nuwe skoolgebou in 28ste laan, Rietfontein

een van die fasette van gereformeerde onderwys wat belangrik is. Dit is iets wat my altyd aangetrek het van spesifiek die laerskool-onderwys – die mooi ontdekkingsfases waardeur laerskoolkinders gaan en die geleentheid wat jy as onderwyser het om dit in 'n gereformeerde konteks te plaas.

Wat is die groot uitdaging/bedreiging vir gereformeerde onderwys vandag?

Dit is dieselfde uitdaging waarvoor ons as gelowiges, as gesinne en as kerk staan: om te bly reformeer! Om nooit te dink dat alles goed is soos wat dit is nie, maar alles te bly toets aan die Woord van God. Individualisme is ook iets wat ons en ons kinders bedreig en die verhouding kerk, skool en gesin behoort by ons nie as iets vanselfsprekend gesien te word nie.

Het u nooit gedink om weer ander uitdaginge op te soek, tydens u 25 jaar as skoolhoof by Johannes Calvyn nie?

Gedurende my studies het ek kennis gemaak met die werk en lewe van dr. Hendrik Reinink (1870 – 1939) en dit later in 'n biografie beskryf. Ek voel my sterk verbonde aan die manier waaroor hy, as Christen, oor die lewe gedink het: dat ons 'n missie in die lewe het. Ons het almal wagposte om te beman, 'n plek waarheen ons geroep is. Die Here roep ons om die gawes wat aan ons geskenk is, te gebruik op die plek waar Hy ons gestel het. En dan loop 'n mens nie sommer net weg van jou pos nie. So ontvang jy dan ook vrede in jou werk en roeping – dit is die beloning wat die Here daarop gee!



Kan u ons meer vertel van u studies en u huidige betrokkenheid by die onderwys?

Na die voltooiing van die B.A. graad (Honneurs) in Kerkgeskiedenis en Geskiedenis (aan UNISA), het ek 'n Meestergraad ontvang aan dieselfde universiteit vir my verhandeling oor die lewe van dr. H.J. Coster (1865-1899). 'n Paar jaar daarna het ek my Doktorsgraad aan die Universiteit van Pretoria ontvang op grond van my proefskrif oor die lewe van die Boeregeneraal Ben Viljoen (1868-1917).

My huidige betrokkenheid, sedert my aftrede in 1997, is nie meer by die onderwys self nie, maar wel (deelyds) by die onderwysopleiding. Dit beteken hoofsaaklik die begeleiding van die Diploma Gereformeerde Onderwys (DGO) asook die uitbreiding daarvan. Hoewel ek dit geniet om so betrokke te wees en graag my insette bly lewer, is dit belangrik om die nuwe geslag die geleentheid te gee om die wagpos oor te neem. ▣



FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

NUWE BOEKE:

DE VRUCHT VAN DE GEEST – prof dr L Floor

Loop ons die gevaar dat daar minder aandag is vir die persoonlike geestelike lewe? Prof Floor wys in hierdie boek op dié gevaar omdat – veral in charismatiese kringe – daar so 'n groot belangstelling is vir die gawes en die werk van die Heilige Gees. Hy behandel uitvoerig die tekste wat oor die vrugte van die Gees spreek en daarna plaas hy hierdie onderwerp in 'n Bybels-teologies perspektief. R135 – 120 bl

GOD EN DE KOSMOS – John Byl


Ondertitel: Een Christelike visie op tyd, ruimte en heelal.

Die Bybel is 'n bron van kennis en al die ander bronne is aan die Bybel ondergeskik – hierdeur is ons in staat om God se bedoeling te leer ken, vir sover die Hom behaag het om dit aan ons te openbaar.

Dit is die uitgangspunt van die boek van prof John Byl, hoogleraar wiskunde en hoof van die 'Department of Mathematical Sciences' van die Trinity Western University in Langley. Hy het 'n doktersgraad behaal in Astronomie. Hy bespreek o.a. die beperkings van die menslike kennis – hy plaas kritiese aantekeninge by die wêreldbeeld van die moderne kosmologie, ingesluit die big-bang teorie. Buitenaardse intelligente lewe, die bestaan van 'n geestelike wêreld, die hemel, die engele en die lewe na die dood – dit is alles onderwerpe wat in hierdie boek bespreek word. Interessant! R239, 349 bl

TWEEDEHANDSE BOEKE:

DIE BYBEL IS TOG REG –
Werner Keller
Die wetenskap bewys die geskiedkundige juistheid van die Bybel. Met foto's en afbeeldings.
R65 – 327 bl



CALVYN VIR VANDAG –
Dagstukke saamgestel en vertaal deur prof F J M Potgieter. R95 – 367 bl

TOTIUS – PROFEET VAN DIE MOOIRIVIER – V E d'Assonville R40 – 119 bl

CD's:

STH 19064: GAVOTTE – orgel: Martin Mans en panfluit: Noortje van Middelkoop – 18 items, ook lers en Roemeens tradisioneel
R115

Ander takke van Folmer Boekhandel:

Tolle Lege (Pretoria)
(Adri Buenk)
14e Laan 961
Wonderboom-Suid
0084
Tel 012 – 331 3750

Folmer Boekhandel (Kaapstad)
(Petro Drijfhout)
Bondstraat 7
Oakdale, Bellville
7530
Tel 021 – 948 5883



DIE OU TESTAMENT: BETROUBARE WOORD VAN GOD

- Onderhoud met Prof Dr G Kwakkel van Kampen, Nederland

J Moes

RONDOM DIE KERK: BUITELAND

Dr G Kwakkel, Professor Ou Testament aan die Theologiese Universiteit van die Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) te Kampen, Nederland (TU-Kampen), het onlangs 'n besoek gebring aan Suid-Afrika. 'n Goeie geleentheid om met hom te gesels oor belangrike aspekte van ons geloof, soos die Ou Testament as die betroubare, geïnspireerde Woord van God en ook oor die teologiese opleiding.

Gee vir ons 'n kort oorsig van u lewens- en ampsverloop.

Ek is gebore in 1959 in Nigtevecht, 'n dorpie suidoos van Amsterdam. Na die Gymnasium-A diploma aan die Gereformeerde Skolegemeenskap in Amersfoort (1977) het ek na die TU-Kampen gegaan vir opleiding as predikant. Ek voltooi my studie in 1984, met as rigting 'n onderwerp uit die Ou Testament, onder die leiding van Prof HM Ohmann. Tydens my vyfde studiejaar gaan studeer ek vir 'n semester in Aix-en-Provence, 'n onafhanklike gereformeerde teologiese universiteit in Frankryk. Dit was 'n verrykende ervaring om kennis te maak met die gereformeerde wêreld buite Nederland.

In 1985 word ek predikant in Beverwijk, maar skaars twee jaar later benoem die sinode my as opvolger van Prof JP Lettinga in Kampen, om onderwys te gee in semitiese tale. In 1993 word ek benoem as opvolger van Prof Ohmann, as professor in die Ou Testament. In 2001 behaal ek my doktorsgraad aan die Rijksuniversiteit van Groningen, met as onderwerp die sogenaamde "onskuld psalms". Hierdie studie gaan daaroor hoe psalmdigters kon sê "ek is onskuldig", terwyl elke mens skuldig staan voor God. Om te wys op jou eie goeie gedrag laat mens mos dink aan die houding van die Fariseër uit die gelykenis wat Jesus vertel oor die Fariseër en die tollenaar. In 2003 volg my benoeming as rektor van die TU-Kampen, vir 'n periode van drie jaar.

Hoekom is u in Suid-Afrika?

Aanvanklik het ek 'n uitnodiging ontvang van Dr AJ de Visser, toe hy nog sendeling in Soshanguve was, om mede-studiebegeleier te wees van Jerry Mhlanga. Jerry is 'n student aan die Mukhanyo-Plus opleiding van die VGKSA en was ook reeds vir studie na die IRTT opleiding in Zwolle, Nederland. Die kuratore van die teologiese opleiding van die VGKSA het my nou genooi om 'n aantal lesings aan te bied vir studente van Mukhanyo-Plus en van Belhar. Die onderwerpe

van my drie lesings in Belhar was: die verhouding tussen die OT en die NT, die uitlegging van Genesis 1 tot 3 en die verhouding tussen die Bybelboeke Konings en Kronieke.

U is professor in die Ou Testament. Waarom juis in hierdie gedeelte van die Bybel en van die Christelike geloof? Wat boei u hierin?

My belangstelling vir die Ou Testament (OT) kom al van vroeg af. Ek was en is nog steeds geboei deur die verhale en die verbondsgeskiedenis in die Ou Testament. Maar dit is meer 'n gevoelsmatige belangstelling as 'n suiwer historiese belangstelling, soos byvoorbeeld vir die geskiedenis of argeologie van die Ou Nabye Ooste. Die OT is wel een van die swaarder vakke van die teologie, nie die minste nie vanweë die vereiste grondige kennis van die ou semitiese tale. Daar is 'n hele aantal internasionale kongresse waar studie resultate gepubliseer word en wat kontak met vakgenote stimuleer. In Nederland is daar ook 'n Ou-Testamentiese werkgemeenskap, wat drie keer per jaar bymekaar kom. Ons gereformeerde opvatting van die OT is gelukkig nie heeltemal 'n uitsondering nie. Daar is nog 'n hele aantal "Bybelgetroue" teoloë wat op 'n gelowige manier studie maak van die OT.

Die Ou Testament staan deesdae in die brandpunt van Skrifkritiek. Allerlei gegewens hierin stem oënskynlik nie ooreen met ons ervaring, kennis van die oudheid en begrip van die natuurwette nie. Sou dit moontlik wees dat die skrywers, bewus of onbewus, foute gemaak het?

Die onderwerpe wat ek in Belhar behandel het is aktueel, omdat hierdie sake sterk onder bespreking is in die gereformeerde wêreld (*en ook in Suid-Afrika, JM*). Ons uitgangspunt moet wees dat die Bybel sy eie verklaarder is. Die Bybel beantwoord aan sy eie pretensie as die betroubare Woord van God. Die Bybelteks is betroubaar, maar die regte verstaan daarvan vereis studie en ondersoek, waarby ook buite-Bybelse bronne van nut kan wees. Die betekenis en bedoeling van 'n Bybelgedeelte moet egter afgelei word uit sy eie (kon)teks. Die term "organiese inspirasie" is dalk nie so 'n goedgekose term om die rol en karakter van die Bybelskrywer in die samestelling van die teks weer te gee nie. Ek onderskryf globaal die stelling van Prof J van Bruggen, my oud-kollega NT uit Kampen: "As daar moontlik foute in die Bybel sou wees, dan is die Bybel nog steeds betroubaar".



Maar om te praat oor foute in die Bybel laat my dink aan 'n onderwyser wat met 'n rooi pen 'n opstel nasien. Ek wil nie so met die Bybel omgaan nie. Mense vergeet dikwels om hulle af te vra wanneer iets 'n fout is. Na my mening is iets 'n fout in 'n geskrif wanneer dit *nie sy pretensie waarmaak nie*. So het byvoorbeeld 'n kinderboek oor die geskiedenis ander pretensies as 'n artikel in 'n vakwetenskaplike historiese tydskrif. Wat fout is in die laaste hoof dit nog nie te wees in die eerste nie. Wat betref die Bybel is dit my oortuiging dat dit sy pretensies waarmaak. In hierdie opsig is dit dus foutloos. Dit neem nie weg dat ons soms probleme raakloop wat ek nie kan oplos nie. Ek kan nie alles laat klop en wil ook nie my tyd daaraan bestee nie.

Met hierdie uitgangspunt is daar geen aanduiding om Gen. 1-3 nie as 'n geskiedenisverloop te aanvaar nie. Die verhaal van die barmhartige Samaritaan is duidelik nie bedoel as 'n werklik historiese verhaal nie, maar as 'n gelykenis. Die aantal Israëliete in die woestyn moet uit die betekenis van die getalname afgelei word en dus nie byvoorbeeld uit ons veronderstelling oor hoeveel Israëliete in die woestyn in lewe kon bly nie of aan opsetlike foute deur Bybel-(oor)srywers nie, want ons aanvaar die grondteks as betroubaar. Getalle in die OT het somtyds 'n simboliese waarde of kan afgerond word. Die kriterium is wat die bedoeling van die skrywer met die teks is en hoe die oorspronklike lesers, vir wie die teks bedoel was, dit verstaan het.

Daar is egter toenemend druk op teoloë om ontslae te raak van "lastige" tekste, wat nie in ons huidige wêreld- en mensbeeld pas nie. Dit word dan dikwels gedoen deur buite-Bybelse kontekstualisering van die boodskap, waarby die Bybelse boodskap bepaal word deur die historiese konteks. Die gesag van die Skrif moet egter steeds aanvaar word uit die verstaan

van die teks self en is nie 'n afgeleide gesag van 'n Goddelike bedoeling wat uit sy teksverpakking uitgehaal moet word nie. Aan die ander kant moet ons nie te ver gaan deur byvoorbeeld die boek Genesis te gebruik as 'n kreasionistiese model vir die verstaan van die fisiese werklikheid nie.

U lei teologiese studente op as predikante in 'n sterk sekulariserende wêreld. Moet ons gereformeerde teologie en boodskap nie aangepas word om relevant vir die samelewing te bly nie?

Die TU-Kampen is 'n universiteit met 'n duidelike gereformeerde oortuiging. Dit neem nie weg dat die dosente partykeer anders dink as vroeër nie, maar hulle wil vashou aan die gereformeerde oortuiging. Dit beteken ook dat vrae wat nou by die studente leef, aan die orde gestel moet word. Aanvaarding van die gereformeerde visie op verskeie sake is vir hulle nie steeds vanselfsprekend nie.

So word vrae oor die Skrifgesag indringend bespreek. By die huidige studente is meer nadruk waarneembaar op hul eie spiritualiteit, op gebed en op persoonlike funksionering. Die TU-Kampen speel hierop in deur 'n sterker integrasie van kennis onderdele en deur mentorskap. Ds J Kruidhof is

A Child's Faith

Jesus loves me, this I know,
For the *Bible* tells me so' -
Little children ask no more,
For love is all they're looking for,
And in a small child's shining eyes
The *Faith* of all the ages lies
And tiny hands and tousled heads
That kneel in prayer by little beds
Are close to the dear Lord's heart
And of His Kingdom more a part
Than we who search, and never find,
The answers to our questioning mind
For *Faith* in things we cannot see
Requires a child's simplicity
For, lost in life's complexities,
We drift upon uncharted seas
And slowly *Faith* disintegrates
While wealth and power accumulates -
And the more man learns, the less he knows,
And the more involved his thinking grows
And, in his arrogance and pride,
No longer is man satisfied
To place his confidence and love
With childlike *Faith* in God above -
Oh, Father, grant once more to men
A simple childlike *Faith* again
And, with a small child's trusting eyes,
May all men come to realize
That *Faith* alone can save man's soul
And lead him to a *Higher Goal*.

onlangs benoem aan die TU Kampen om aandag te gee aan die verhouding tussen geloof en teologie by die studente. Hoewel die Nederlandse owerheid sterk druk uitoefen op die professore in Kampen om wetenskaplike ondersoek te doen, en die opleiding daardeur meer wegbeweeg van die praktiese kontak met die kerke, bly daar genoeg blootstelling aan die vrae wat leef in die kerke. Ook die studente kom met vrae vanuit die praktyk van kerkwees in Nederland. Die teologie moet hierop inspeel, maar die basis, die Bybel as die betroubare Woord van God, bly dieselfde.

Hoe sien u die noodsaak en toekoms van die eie teologiese opleiding van die VGKSA? Hoe sou die samewerking met ander teologiese opleidings (Kampen en Hamilton) verder kan ontwikkel?

Dit was dapper van die VGKSA om 'n eie teologiese opleiding te begin. Die voltydse dosente in Kampen het hul hande reeds vol, soveel te meer die dosente in die VGKSA, wat ook nog amper voltydse predikante is. Mens kan 'n predikante opleiding begin waarby die dosente "net een bladsy voorbly" by die studente. Dis niks vreemds nie. Maar op die lang termyn is dit nie volhoubaar nie. Dit is belangrik om 'n goeie vlak van opleiding te handhaaf. Die uitsette ("eind terme") van 'n teologiese opleiding moet goed geformuleer word. By die opleiding van die VGKSA sou dosente van elders 'n toenemend ondersteunende rol kan speel. Daar is 'n toename in die beskikbaarheid van studiemateriaal vir teologiese opleiding op die internet. Studiemateriaal van Kampen kan ook beskikbaar gestel word, deur e-pos, die internet of op 'n ander manier.

Samewerking tussen gereformeerde teologiese opleidingsinstitute in hierdie verband kan sterk verbeter word. Die eenheid in teologiese opleiding in Suid-Afrika, met studente uit verskillende kultuurgroepe, is waardevol.

Dit wil voorkom of die gereformeerde gelowiges in Nederland en Suid-Afrika uit mekaar groei. Daar bestaan hier 'n mate van verontrusting oor die kerklike ontwikkelings in die GKN(v). Dit kan seker ook toegeskryf word aan die verskillende wêreldse kulture waarin ons leef. Wat is die rol van die TU-Kampen hierin? Hoe sou ons die eenheid in belydenis en beleving van ons geloof kan versterk?

Ek is medewerker aan twee kerklike tydskrifte in Nederland, te wete, "De Reformatie" en "Nader Bekeken". Dit plaas jou in die middel van die kerklike ontwikkelings en debatte binne die GKN(v). Dit het geblyk dat die

kommunikasie tussen die uiteenlopende kerklike stromings verbeter moet word. Die mense van die "Reformanda" groep is te ongenueanserd en reageer dikwels op 'n eensydige of vertekende beeld van die werklikheid. Antwoorde wat vroeër gegee is nie volmaak nie en is partykeer vir verbetering vatbaar en daarvoor moet (weer) nagedink word. In die Nederlandse samelewing en kerke leef ook ander vrae as vroeër. Daarop moet die kerk reageer. Die TU Kampen kan slegs indirek hierin 'n rol speel, deur die opleiding van predikante en ook as sinodes om adviese vra.

Wat betref Suid-Afrika is dit bemoedigend om te sien dat daar soveel lidmate die tweede erediens op Sondae bywoon. Dit is 'n goeie maatstaf van kerklike betrokkenheid, meelewe en handhawing van goeie kerklike gebruike. Die VGKSA het sy eie selfstandige plek as gereformeerde kerke en moet binne die Suid-Afrikaanse samelewing sy plek vind. Dit sal tot 'n mate verskillend wees van die posisie van die GKN(v). Voorbede vir mekaar is belangrik.

Het u nog 'n boodskap vir die gereformeerde broers en susters in Suid-Afrika?

Elke land het sy eie uitdagings. Vir Christene in elke land geld: "wees uself in die navolging van Christus". Ons moet mekaar, elkeen in sy eie land en omstandighede, opdra aan die sorg van ons Vader in die hemel. Vir Suid-Afrika is besonderlik die skrynende armoede 'n saak wat onmiddellik opval vir 'n buitelanders. Dit is 'n groot uitdaging vir die Christene in Suid-Afrika om te probeer oplossings hiervoor ontwikkel en die armoede te probeer verlig. Dit geld besonderlik vir ons eie broers en susters wat in armoedige omstandighede moet leef, soos in Soshanguve, Mamelodi en rondom Belhar. Ek wens u hierin baie wysheid toe. ☩

Aros

Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies

bied in samewerking met Potch 'n volledige B Ed studie aan voornemende onderwysers

Die vierjarige studie in Pretoria sluit in:

- Drie gelyktydige kwalifikasies: 'n erkende B Ed-graad van Potch, 'n Aros-kwalifikasie en 'n skoolgetuigskrif van praktiese vermoëns
- Skriftuurlike fundering in alle vakke
- Addisionele lewensbeskoulike modules
- Onmiddellike praktiese indiensopleiding
- Kleinskalige onderrig en persoonlike begeleiding

In 2005 word slegs 'n beperkte aantal eerstejaars toegelaat. Graag verskaf ons verdere inligting.

Tel 012 332 3222 of Posbus 31120, Totiusdal, 0134 of e-pos rvdkooy@mailbox.co.za.

LITURGIE

- 'n Stewige handdruk en groete

H. Walinga



RONDOM DIE KERK: BUITELAND

Laat ons maar by die begin begin. Ten minste ... by die amptelike begin. Nie-amptelik behoort dit vroeër as half-tien of vyf-uur te wees, naamlik by die huis. Saterdagavond of Sondagoggend voor die erediens.

Liturgie begin al by u gebed voor die erediens. Ons noem dit persoonlik liturgie. Die persoonlike liturgie, hoewel dit van groot belang is, val egter buite ons bespreking.

Die begin dus.

Die orrel swyg, die rumoer in die kerk raak weg en die mannebroeders kom binne. Hulle maak 'n draai na links, behalwe die laaste twee wat regs draai. Die voorste van die twee, die diensdoende ouderling, draai om en gee die voorganger 'n handdruk. Laasgenoemde beklim die preekstoel en die diensdoende ouderling voeg hom by die res van die kerkraad. As kind het ek my altyd afgeveer of die ouderling dalk saggies iets vir die dominee sê, terwyl hy hom 'n hand gee: "Sterkte, dominee," of so iets.

Hoekom die handdruk?

Amptelik is daar nêrens iets vasgelê dat die dominee 'n handdruk moet kry nie. In die Bybel word daar nie oor gepraat nie en ook die kerkorde en die belydenis gee geen voorskrif hieroor nie. Dit het 'n gewoonte geword, waarvan die betekenis later ingevul is. Die oorsprong blyk te wees in die tyd van die hagepreke, aldus ds. Joh. Francke in 'n artikel in die tydskrif "Dienst". In hierdie tyd het die mense êrens in die geheim bymekaar gekom. Die organiseerders van so 'n diens het 'n voorganger uitgenooi. Nie elke "gemeentelid" het hierdie voorganger geken nie. Daarom het een van die organiseerders hom 'n handdruk gegee, waarmee hy wil sê: "Dit is hierdie man, alles is reg."

Vandag het die handdruk 'n wyer betekenis wat egter nêrens kerklik vasgestel is nie: die kerkraad, as "regerende orgaan" gee die voorganger die mandaat om die tug uit te oefen, om die gemeente te vertroos, te vermaan, te leer en op te skerp. Al hierdie take kry hy op daardie oomblik om dit uit te voer by die voorgaan in die diens van die Woord en die gebed. Hierdie handdruk is dus nie net 'n soort van "sterkte" of die simboliese begin van die erediens nie. Hier word 'n verantwoordelike taak op die skouers van die predikant gelê.

Ons het by die begin begin, maar ek moet tegelykertyd ook iets sê oor die einde. Aan die einde van die diens kry die predikant weer 'n handdruk. Of eintlik is dit andersom. Die diensdoende ouderling kry 'n handdruk van die predikant. Daarmee gee hy die taak weer terug aan die hele kerkraad.

'n Mooi begin en 'n pragtige einde van die erediens. Die handdruk beteken meer as net 'n gebaar. Daarin kan u die sorg van die Here vir sy Kerk ontdek. Sorg vir sy gemeente op aarde. Dit het Hy toevertrou aan mense soos u en ek. Mense wat belof het dat hulle na die gemeente sal omsien, wat daarop sal let dat die kudde geen gevaar loop nie.

Hulle het baie take: bewaak, beskerm, meelewe, vermaan, opskerp, leer. En al die take word deur die handdruk aan die begin van die diens, vir die een-en-'n-half-uur, op die skouers van een man geplaas. Ons mag dit gerus 'n swaar taak noem. U moet baie bid vir die man. Hy het dit regtig nodig.

Die dominee beklim die preekstoel en lees – so gaan dit in baie kerke – 'n paar mededelings van die kerkraad voor. Daarna kom die votum en seëngroet.


Daar word verskillend gedink oor die feitlike begin van die erediens. Daar is mense wat meen dat die diens begin by die handdruk. Ander dink eerder dat dit begin wanneer die votum uitgespreek word. Dit lyk vir my logies en ook liturgies korrekter om die begin van die erediens te lê by die votum. Dit is die vasstelling dat ons in ons hele lewe en in die besonder in die erediens, afhanklik is van ons hemelse Vader. Daarna groet die Here sy gemeente, en daarmee is die ontmoeting 'n feit.

Om dit duidelik te maak, sou dit miskien aanbeveel kon word om die mededelings van die kerkraad eers te lees en om die predikant daarna met 'n handdruk die preekstoel op te laat gaan, waarna die votum en seëngroet volg.

Dit sou, aan die ander kant, dalk interessant wees om daaroor te dink of die mededelings 'n plek in die erediens moet hê. Dit lyk dalk na 'n vraag van puur organisatoriese aard, maar daar is meer agter. Word die karakter van die erediens ook bepaal deur die ontmoeting van mekaar as gemeentelide? Of dra die erediens net die karakter van die ontmoeting van God met sy volk en dus nie van die volk onderling nie? As ek dink aan die begrip "gemeenskap van die heiliges" wat in die erediens duidelik word in die konkrete samekoms, dink ek dat ons gerus mag sê dat ook die onderlinge ontmoeting goeie aandag mag kry.

Een ding is wel duidelik en dit is dat mededelings oor gebeurtenisse in die gemeente soos siekte of geboorte nie in die gebed tuis hoort nie. Dit is beter om voor die voorbede, die gemeente te vertel waarvoor daar aandag gevra sal word in die gebed.

Elke orde van diens begin met die votum en seëngroet. Die voorganger sê dikwels: “Verhef u harte tot God.” Hy bedoel natuurlik nie daarmee dat ons moet gaan staan nie, dan sou die “verhef” nie meer as 40 tot 50 cm inhou nie. Dit sal daarom beter wees as ‘n predikant dit eers sê wanneer die gemeente alreeds staan.



Dit is goed om in die erediens te besef wat dit beteken om ons “harte tot God te verhef”: ons mag voor die troon van God gaan staan, ons mag as klein mensies sonder krag en invloed, in gedagtes na die Almagtige gaan. As ons dit besef, dan soek ons nie solank die volgende psalm in ons psalmboek op nie. Voor die troon van die Almagtige gaan jy nie staan en rondblaai nie.

Votum is ‘n Latynse woord. Dit beteken ‘gelofte’ en is afkomstig van die eerste deel van die gebed wat die priester uitgespreek het. Die gebed het begin met die trinitariese formule: “In die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.” In die kerklike gebruik het dit later meer ‘n belydenis geword. In navolging van Calvyn het die kerke na die Reformasie die duidelike belydenis uit Psalm 124 gebruik: “Ons hulp is in die

Naam van die Here, wat hemel en aarde gemaak het.”

In sommige ou ordes van diens is die votum soms bede genoem: ‘n belydende gebed, waarin die gemeente haar vertroue op die guns van die Here uitspreek. Dit is op sigself baie mooi, maar oorspronklik was dit nie die bedoeling nie.

Na die votum volg die seëngroet. God, die Almagtige, groet sy gemeente. Weereens: dit is goed om te besef wat hier eintlik plaasvind! Nie soos wat ons dit soms deurgee: “O ja, die en die stuur groete” nie. Nee, hier word jy gegroet deur iemand wat jou

volmaak liefhet, wat jou gemaak het.

Daar word soms gevra hoekom die predikant by die seëngroet een hand en by die seën aan die einde twee hande ophef. Die woordkeuse dui dit al aan. Aan die begin is dit ‘n groet en aan die einde van die diens is dit ‘n seën.

As afsluiting nog een ding: ons sien dat daar tydens die seën verskillende houdings in ag geneem word. Sommige gemeenteliede sluit hul oë sowel by die votum as by die groet en die seën. Dit is volgens my nie die bedoeling nie. Ons maak ons oë toe by ‘n gebed, maar daarvan is hier, ook by die votum in die betekenis van gelofte/belydenis, van oorsprong nie sprake nie. Veral by die seën aan die einde van die diens, is dit belangrik om met al jou sintuie “daarby” te wees. Want met hierdie seën gaan ons weer huis toe, om daar met die inset van “ons hele verstand en al ons kragte” die Here lief te hê en Hom te dien.

Hierdie artikel is die tweede hoofstuk uit die boek van H. Walinga: Liturgie, vorm op Zondag, voorbeeld in de week. Met toestemming van die outeur vir Kompas vertaal en bewerk deur Karina IJlst. ✠

VGKSA

KOMPAS is die maandblad van ‘n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande plaaslike predikante of sendelinge in verbinding te tree:

ds C Kleijn	Fratesweg 775	Rietfontein	0084	Tel. (012) 331 0931
Rev. T Mogale		Mamelodi		Tel. (012) 801 7937
Rev. MP Magagula		Soshanguve-Noord		Tel. (012) 798 1553
ds P Nel	Du Plooystraat 80	Bethal	2310	Tel. (017) 647 6693
ds RM Retief	Lakeweg 22	Strubenvale	1559	Tel. (011) 362 1698
ds J van der Linden	Corneliusstr 1071	Panorama, Roodepoort	1724	Tel. (011) 679 1646
ds E Viljoen	Mauritiussingel 3	Stellenberg	7550	Tel. (021) 919 9149
ds JR Visser	Dunwoodielaan 1380	Waverley	0186	Tel. (012) 332 2948

Sendelinge in diens van die kerke is:

ds J Bosman	Breyerlaan 1415	Waverley	0186	Tel. (012) 332 2831
ds JA Breytenbach	Blackwoodstraat 12	Bellaire, Bellville	7530	Tel. (021) 919 4215
ds CF Nicholson	Patoustr 33	Amanda Glen	7530	Tel. (021) 975 9994